

**Saterdag 6 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 39**

**Fokusgedeelte: Psalm 39:13 (AFR53)**

**Ons krag lê alleenlik in God**

Dit is duidelik dat Dawid op die tydstip wat hy die Psalm geskryf het, amper net soos Job in sak en as gesit het. Sy moedeloosheid weergalm regdeur hierdie Psalm, so amper asof hy nie wil opstaan en aangaan nie. In Dawid se nood besef hy dan ook duidelik die niksheid van die mens. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die mens maar as 'n skadubeeld rondloop. Hy maak die broosheid en die breekbaarheid van ons lewens op 'n besondere wyse in hierdie Psalm duidelik.

Hoe kwesbaar is ons lewens nie, hoe maklik kan die sonde nie ons lewens oorneem nie! Alhoewel Dawid regdeur hierdie Psalm besig is om die niksheid van die mens duidelik te maak en te noem dat elke mens maar 'n asemtog is, bely hy tog die vertroostende wete dat die Here die pad met ons saamstap en dat dít alles die moeite werd maak. Hy kom dan ook aan die einde van die Psalm tot 'n belydenis. Ons lees dat hy in vers 13 bely: *“Hoor, Here, my gebed, luister na my hulpgeroep; swyg nie by my trane nie; want ek is 'n vreemdeling by U, 'n bywoner soos al my vaders.”*

Ons is maar vreemdelinge hier op die aarde en ons tuiste is nie hier nie. Ons lewens hier is kortstondig en daaraan moet ons vashou, want dit rig ons oë op God sodat ons weer opnuut kan besef dat ons tye in sy hande is.

Ons as vreemdelinge by God het egter deur Jesus Christus se kruisdood kinders van God geword. Jesus Christus het ons weer met God versoen, sodat ons mag besef dat, alhoewel ons uit ons eie niks is nie, al ons krag in Hom lê. Mag die Heilige Gees hierdie wete in ons harte vaslê.

*Sing: Psalm 39-1:1*

*Ds. JN Hibbert (Josef) (Pietersburg-Noord)*